NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 19 – Uitgawe 13

9 April 2026

# *Wie sal Ek stuur?*

Om *Blitspos* te ontvang, stuur 'n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan taal@nhk.co.za

Die plasing van teksadvertensies is gratis vir gemeentes. Advertensies met grafika beloop R350 per uitgawe. Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting en voorwaardes.

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

**’n Gemeentepredikant speel nie net ’n groot rol in die lewe van ’n teologiestudent nie, maar vorm myns insiens ’n wesenlike deel van die roeping tot predikant. Ek onthou dit self baie goed in my eie lewe. Só ’n verhouding of mentorskap word dikwels ’n lewenslange verbintenis.**

Ek het onlangs ’n bevestiging van ’n predikant bygewoon. Wat my opgeval het, was nie net die teenwoordigheid van lidmate uit haar vorige gemeentes nie. Jy kon sien hoe mense verhale deel, hoe lewens oor tyd met mekaar verweef geraak het. Tog was daar ’n spesifieke oomblik wat my diep geraak het. Sy het begin praat oor haar gemeentepredikant en die rol wat hy in haar lewe, haar roeping en haar bediening gespeel het. Skielik het ek besef dat roeping dikwels nie in isolasie begin nie, maar in verhouding.

Dit is juis hierdie tipe verhouding wat ook vir dosente uitstaan wanneer nuwe teologiestudente met hul studies begin. Daar is iets in die standvastigheid en gebalanseerdheid van sekere studente wat getuig van begeleiding, van iemand wat saam met hulle geloop het.

Die NHKA het die afgelope jare ’n tekort aan studente ervaar. In 2026 het ons ons mikpunt van vyf eerstejaarstudente bereik. Hiervoor is ons baie dankbaar. Tog is dit nou reeds belangrik dat studente vir 2027 geïdentifiseer word – en hier speel gemeentepredikante ’n deurslaggewende rol.

Ons hoor dit al hoe meer: *Ons het dominees nodig.* Maar miskien moet ons eers stadiger vra wie ons eintlik roep.

Want wanneer gemeentes regtig moet onderskei, wanneer dit nie net gaan oor die vul van ’n pos nie maar oor die roep van ’n mens, dan skuif die taal. Dan hoor ’n mens nie net van vaardighede en ervaring nie, maar van roeping. Woorde uit die Skrif begin weerklink: *Wie sal Ek stuur?*, *Hier is ek*, *Ek stuur jou*, *Pas my skape op*.

Maar juis hier word die rol van die gemeente en die gemeentepredikant deurslaggewend, want roeping gebeur nie in isolasie nie. Dit word onderskei, getoets en bevestig binne die geloofsgemeenskap. Die gemeente is nie net die een wat kies nie, maar die een wat saam luister. En die gemeentepredikant is nie bloot ’n funksionaris nie, maar ’n mede-onderskeier van God se stem, iemand wat help om roeping raak te sien, te verwoord en te begelei.

Uiteindelik is ’n beroep dus nie net ’n besluit nie, maar ook ’n geestelike onderskeidingsproses waarin die vraag nie eerste is wie beskikbaar of selfs bekwaam is nie, maar wie geroep is en deur die gemeente herken word as die gestuurde.

April-maand bring weer ’n nuwe geleentheid. Die Universiteit van Pretoria se aansoeke vir 2027 het reeds geopen. Miskien moet daardie vraag nou weer in ons gange eggo: *Wie sal Ek stuur?*

Moenie dit ignoreer as hierdie woorde iets in jou wakker maak nie. Of dit nou ’n gedagte, ’n onrus of ’n moontlike roeping is. Kom skryf in vir die BDiv-graad in Teologie. Kontak gerus vir myself (**hein@nhk.co.za**) of mev Clarika Hattingh (**ClarikaH@nhk.co.za**) sodat ons jou kan help met die inskrywingsproses vir 2027.

Die Hervormde Teologiese Kollege sien daarna uit om hierdie reis saam met jou te begin. Miskien is dit juis jou naam wat God reeds roep.

**Dr Hein Delport**
**(Hoof: Hervormde Teologiese Kollege)**

## Lief en leed

- **Die volgende predikante verjaar tot 17 April. Die Kerk wens u ’n geseënde lewensjaar toe.**
  - Woensdag 8 April: Di M (Marius) Bacon (emeritus/Delareyville) en J (Joha-Lize) Uys (Kathu/Kuruman/Postmasburg)
  - Vrydag 10 April: Ds SW (Schalk) Zastron (Ermelo)
  - Maandag 13 April: Prof AJ (Alex) Antonites (emeritus), di CB (Nardus) Enslin (Ebenhaeser), en GPJ (Gerrie) Grobler (emeritus)
  - Dinsdag 14 April: Dr PJ (Pierre) Jacobs (Gaborone), di JZ (Hans) Britz (Eendracht), R (Rue) Hopley (Wapadrant), JP (James) Jooste (emeritus), en L (Lynette) Lötter (Vryheid)
  - Woensdag 15 April: Di AM (Annami) Cockeran (Elandspoort), en WH (Wessel) Swart (emeritus)
  - Donderdag 16 April: Ds GPJ (Gerhard) Stoltz (sinodaal/Westonaria)


Dr Hein Delport

## Gemeentes en bediening

- **Dr H (Hein) Delport** (hoof van die HTK) het ’n beroep na Swartkop (deeltyds) ontvang. Hy het die beroep aangeneem.

## Vergaderings

- Vrydag 10 April: Moderamen

## Kerklike en ander publikasies


NHKA | Die Hervormer

(Kunsmatig) Syn-in-die-wêreld

- In die **April 2026-uitgawe van *Die Hervormer*** gee **David Barnard (jr)** vir ons insig oor die etiek vir die gebruik van kunsmatige intelligensie. **Ds David Barnard** skryf in sy redakteursbydrae dat die 40 dae van die Lydenstyd ’n geskikte tyd is om oor ons verhouding met ons gekruisigde Heer Jesus na te dink. Hy noem dat Lydenstyd ons aan prysgawe en offergawe herinner. **Dr Hannes Janse van Rensburg** skenk aandag aan uitdagings waarmee gemeentes worstel. Hy verwys daarna as ’n soort moegheid wat die gemeente bekruip en hul lig dowwer laat skyn. Die **middelblad** word gewy aan die finalejaarstudente wat hul praktiese jaar by Origins Retreatsentrum in Kromdraai afgeskop het. **Ds Iwana Kruger** het met dr Hercules Boshoff en Rolandi Mc Geer oor hul ervaring by die sentrum gesels. Dr Hein Delport, hoof van die Hervormde Teologiese Kollege, het hulle vergesel. Bykomend tot die verspreiding van die gedrukte weergawe van *Die Hervormer*, word die artikels van elke uitgawe **op die Kerk se webblad** geplaas, en ’n **pdf-weergawe** word ook aan predikante en gemeentes beskikbaar gestel.









## Kom kyk saam

- Kom kyk saam na ons weeklikse Blitsflits. Hierdie episode is aangebied deur **ds Zanedrieka de Lange** (Noordwestelike Pretoria). Klik ***hier*** vir verlede week se weergawe. Laat gerus vir ons kommentaar en deel u gedagtes oor die Blitsflits. Nuwe weergawes verskyn elke Vrydag en is beskikbaar op sosiale media en YouTube.

## 'n Gedig

**Psalm 138 (AFR2020)**

1 Van Dawid.
Ek wil U prys met my hele hart;
voor die gode wil ek U besing.
2 Ek wil in aanbidding buig
na u heilige tempel;
ek wil u Naam prys
oor u troue liefde, oor u trou;
Want U het u beloftes
bo al u roem laat uitstyg.
3 Die dag toe ek geroep het,
het U my geantwoord.
U maak my innerlik sterker.
4 Al die konings van die aarde
moet U prys, Here,
wanneer hulle die woorde
van u mond hoor.
5 Hulle moet sing oor die weë
van die Here:
"Groot is die heerlikheid van die Here.
6 Ja, verhewe is die Here,
maar nederiges sien Hy raak
en hoogmoediges ken Hy van ver af."
7 As ek in diep benoudheid verkeer,
bewaar U my lewe;
teen die toorn van my vyande
steek U u hand uit;
u regterhand verlos my.
8 Die Here self tree vir my in.
Here, u troue liefde duur vir ewig;
u handewerk –
moet dit nie laat vaar nie!

## Fondsinsamelings en Kerksake

- **Die Eendrachtkring** kuier weer saam: Emeriti, hul gades en weduwees van predikante word vriendelik uitgenooi na ’n byeenkoms van die Eendrachtkring op **7 Mei om 10:00** in die kerksaal van **Gemeente Wonderboompoort**. Skakel voor 4 Mei met ds Kalla Fourie 072 278 1456 om u bywoning te bevestig.

## Toerusting









# KI-KATS

Demonstrasievideo-KLIK




**Die SGB Werkgroep vir Jeugbediening stel bekend:**

KI-Kats

'n Nuwe innoverende aanlyn Hoërskool Kategese Sisteem

- 2 Kurrikulums met 410 lesse beskikbaar.
- 'n AI-Tutor sisteem
- 'n AI-verslag sisteem


Leerders kan prente genereer, videos van les-interaksies genereer, 'n gedig genereer en 'n liedjie genereer.
Leerders klets met die AI-tutor, beantwoord vrae, leer Bybeltekste, en stel self vrae.

- 'n Globale punteleer vir alle leerders.
- Volledige dinamiese lesplanne vir alle mentors.

Toegang is slegs R100.
Probeer vandag die eerste les gratis.

**https://www.dramekaarselaste.co.za > Meer > Vir Kinders > Geloofsonderrig H/S**

**Inligting: deon7373@gmail.com**



**AANLYN DOOPKATEGESE**

Die aanlyn doopkategesekursus is nou beskikbaar op die DraMekaarSeLaste toepassing.

- Die kursus is ideaal vir doopouers om die sakrament en hul doopbelofte beter te verstaan.
- Predikante kan dit ook as aanvullend tot hul doopkategese-gesprek gebruik.

Die kursus is beskikbaar teen R100 en is beskikbaar by:
**https://www.dramekaarselaste.co.za/**
> Meer > TOERUSTING > Geloofsgroei.

## Barmhartigheid

- Klik asseblief ***hier*** vir meer inligting oor **seniorbehuising en -versorging**.

## Gebed vir die week



Dankie Here dat U in my lewe teenwoordig is!
Dankie dat U God is, groot en verhewe,
dat al die eer en heerlikheid aan U behoort.
Help my deur u Gees om U al beter te leer ken,
en al meer met my hele lewe te vertrou!
Amen.

www.versndag.co.za/index.php/vers-n-dag-dagstukkies-79566/3155-n-gebed-vir-wysheid-om-god-werklik-te-ken-21-julie-2017


Redakteur: Ds David Barnard
Subredakteur: Ds Mariët Robbertze
Koördineerder: Mej Sanet du Plessis
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van Niekerk
Joernalis: Ds Iwana Kruger